

DIE BRITSE EMPIRE EN UNIEWORDING : 31 MEI 1910

Sampe Terreblanche

Die "Unie-baba" wat op 31 Mei 1910 gebore is, was om drie redes in sonde gebore en getoë: dit was 'n *rasistiese* konstruksie, want byna al die swartes is op grond van hulle velkleur van politieke deelname uitgesluit, terwyl die blankes byna al die politieke mag gekry het; dit was 'n *imperialistiese* konstruksie, omdat die Britte met die blankes 'n "onheilige" kompromie aangegaan het om sy kwyneende empire van ondergang te probeer red; en dit was 'n rasgebaseerde *kapitalistiese* konstruksie, want die Wet op Grondbesit (1913) het 'n kapitalistiese stelsel in SA geskep wat op *gedwonge* goedkoop swartarbeid geteer het.

Die Unie van Suid-Afrika het op 31 Mei 1910 tot stand gekom op grond van die Suid-Afrika-wet wat die Britse parlement op 20 September 1909 aanvaar het. In hierdie wet is die aanbevelings aanvaar van die Nasionale Konvensie wat van Oktober 1908 tot Februarie 1909 in Suid-Afrika Uniewording vergader het.

Die Britse imperiale belange – en veral die belange van die goudmynmaatskappye – het 'n deurslaggewende rol gespeel toe die Britte Uniewording aan ons toegestaan het.

Ná die Napoleontiese oorloë was Brittanje die leidende moondheid in die wêreld. Sy vloot en sy pioniersrol in die Industriële Revolusie (1770-1860) het hom ná 1820 in staat gestel om 'n groot empire op te bou wat hoofsaaklik op Indië en op Afrika afgestem was.

Tot ongeveer 1880 het Brittanje se sogenaamde vryhandel-empire aan hom groot rykdom verskaf. Masjienervaardigde katoenklere is baie winsgewend na Indië en na die res van Asia uitgevoer. Van 1850 het Brittanje ook groot hoeveelhede spoorweginfrastruktuur winsgewend aan Duitsland, Frankryk, Italië, die VSA en later ook na Brasilië en Indië verskaf.

Die spoorweë het Duitsland en die VSA in staat gestel om hulle geografies uitgestrekte lande tot samehangende "nasionale ekonomieë" te integreer. Vanaf 1870 was Duitsland en die VSA die pioniers van 'n tweede Industriële Revolusie. Hulle Industriële Revolusie was op nuwe tegnologie en op grootskaalse staal- en chemiese industriële gebaseer wat daadkragtig deur hulle betrokke owerhede gestimuleer en beskerm is.

Te midde van 'n opwellende nasionalistiese gevoel in lande soos Duitsland, Italië en Frankryk het hierdie lande vanaf 1880 die imperiale alleenheerskappy van Brittanje uitgedaag. In die 40 jaar voor die Eerste Wêreldoorlog (EWO) het die imperialistiese wedyvering tussen die nasionalistiese en proteksionistiese-gedrewe empires en die Britse vryhandels-empire ontstaan. Hierdie wedyvering het tot die Eerste Wêreldoorlog gelei.

Duitsland en die VSA se relatiewe aandeel in die wêreld se vervaardigde goedere het van 1870 tot 1914 skerp gestyg, terwyl Brittanje se aandeel gedaal het. Dit het vir Brittanje chroniese betalingsprobleme geskep wat tot die uitvloei van goud na Duitsland en die VSA gelei het. Boonop het Brittanje 'n Lang Depressie van 1873 tot 1896 beleef.

Brittanje se negatiewe betalingsbalans (BB) met Noord Amerika en Europa was in 1910 £120 miljoen. Sy positiewe BB met die Midde-Ooste, Australië en Japan was £40 miljoen. Die enigste manier waarop Brittanje van 1880 tot 1910 kop bo water kon hou, was die gunstige BB wat hy deurlopend met Indië gehandhaaf het. In 1910 was hierdie gunstige BB £60 miljoen. Die enigste manier waarop Indië so 'n groot negatiewe BB met Brittanje kon "oorleef", was om ter wille van moeder Brittanje, groot hoeveelhede opium na China uit te smokkel wat 'n groot verlies aan silwer en goud in China veroorsaak het.

Brittanje het die ontdekking van goud in die *Zuid-Afrikaanse Republiek* (ZAR) as 'n gawe van God beskou wat tot die oplossing van al sy veelvuldige ekonomiese probleme sou lei. Die hoofsaaklik Britse goudmaatskappye het oor die afgelope 120 jaar baie blink voetspore – maar óók baie smerige voetspore – op Suid-Afrika se ekonomiese, politieke, sosiale en ekologiese grondgebied getrap.

Dit was nie maklik om goud in die ZAR te ontgin nie. Die gouderts was nie ryk nie, dit was diep in die grond en die rols was hard. Semi-geskoolde mynwerkers is van Brittanje ingevoer, maar groot hoeveelhede plaaslike ongeskoolde arbeid was ook benodig.

Die Afrikaanbevolking was in 1886 sowat 3 miljoen. Die Afrikane was egter nie gewillig om in die myne te werk nie. Dit was teen hulle kultuur en teen hulle tradisionele lewenswyse. Sommige Afrikane was winsgewende huurboere ("share croppers"), terwyl die meerderheid nog 'n bevedigende bestaan uit tradisionele boerdery gemaak het op die deel van Suid-Afrika wat nog deur hulle bewoon was.

Ná die ontdekking van goud het Cecil John Rhodes sy kapitalistiese belange van Kimberley na Johannesburg verskuif en in 1890 het hy ook Eerste Minister van die Kaapkolonie geword. Rhodes was 'n aardsimperialis en ook 'n voorstander van die ruwe vorm van rassisme. Rhodes het geskryf dat wanneer hy in die aand gaan slaap en kyk na die sterrehemel, dan het dit hom baie neerslagtig gestem. Hy het beweer dat as hy kon, sou hy al die hemelligame vir die Britse empire gekolonialiseer het!

Rhodes het die Glen Grey-wet in 1894 op die Kaapse wetboek geplaas om Xhosa's met 'n belastingstelsel na die myne te dwing. Toe dié wet in die Kaapse parlement gedebatteur is, het Rhodes gesê dat as hy na die arbeidsprobleme in die USA en Europa kyk, dan is hy baie bly dat hy in Afrika is. Hy het die volgende bygevoeg: "*If the whites maintain their position as the supreme race [in Africa], the day will come when we shall all be thankful that we have the natives with us in their proper place.*"

In die eerste 10 jaar het die goudmyn groot probleme ondervind om genoeg ongeskoolde swartarbeid te werf. Paul Kruger was nie bereid om die soort dwang wat Rhodes op die Xhosa's in die Kaapkolonie geplaas het, op die Afrikane in die ZAR van toepassing te maak nie. Die ZAR regering het ook nie na wense ondersteunende dienste – soos water, elektrisiteit, dinamiet en 'n vervoerstelsel – aan die myne verskaf nie. Al hierdie faktore het 'n bydrae tot die Anglo-Boereoorlog (ABO) gemaak. Die goudmaatskappye wou hê die Transvaal moes onder Britse beheer kom, sodat omstandighede geskep kon word wat bevorderlik sou wees om nog meer goud, nog meer winsgewend te produseer.

Die ABO was 'n groot oorlog. Dit het Brittanje meer as £200 miljoen gekos. Brittanje het 365 000 Britse soldate na Suid-Afrika gestuur en 'n addisionele 150 000 soldate in sy kolonies gewerf. Aan die twee Republieke se kant het hoogstens 90 000 burger en 25 000 "agterryers" geveg. Die burgers was goed gewapen omdat goeie wapens in veral Duitsland aangekoop is met die geld wat die regering van die ZAR uit die goudmyn gemaak het!

Meer as 70 000 mense is gedurende die oorlog dood, waaronder 26 000 Afrikaner vrouens en kinders was wat in die konsentrasiekampe gesterf het. (As die ABO in 1960 plaasgevind het, sou Brittanje dit nie kon wen nie. As TV-beelde van die toestande in die kampe gebeeldsend was, sou selfs die "stiff-upper lip" Britte in opstand gekom het). Veertigduisend Afrikanerwonings is in die ABO afgebrand en 65% van die burgers se eiendom is vernietig.

Die uiterstes waartoe die Britte gegaan het om die ABO te wen, is 'n aanduiding van hoe belangrik die goudmynbedryf vir die kwygende Britse empire was. Ironies genoeg het die ABO nie die Britse empire gered nie, maar sy ondergang verhaas.

Ná die ABO het die goudmyn steeds gesukkel om genoeg ongeskoolde werkers te werf. Werving is tot by Kenia en Tanganjika uitgebrei. In 1903 het Alfred Milner 64 000 Chinese kontraktarbeiders ("*indenture labour*") vir die myne ingevoer en die Lagden-kommissie (*of the South African Nature Affairs Commission*, SANAC) aangestel om ondersoek in te stel waarom die Afrikane nie op die myne wou werk nie.

Al die lede van die SANAC was Oxford gegradueerdes en lede van Milner se *Kindergarten*. Die SANAC-verslag is in 1905 gepubliseer. Dit het tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrikane lui is en dat hulle gedwing moet word om in die blanke ekonomie te werk deur 'n groot deel van die grond waarop hulle 'n tradisionele bestaan gemaak het, van hulle te ontnem. SANAC was van mening dat as die Afrikane honger genoeg is, hulle gewillig sal wees om in die myne te werk!

Die Liberale Party van Sir Cambell-Bannerman het in 1905 die algemene verkiesing in Brittanje gewen. Milner is teruggeroep en Lord Selbourne het in 1906 Hoë Kommissaris in Suid-Afrika geword. Hy het opdrag gehad om 'n versoenende beleid teenoor die burgers van die twee eertydse Boere Republieke na te streef. Voordat Selbourne gearriveer het, het Generaal Jan Smuts 'n besoek aan London gebring en Cambell-Bannerman gewaarsku dat as die Britte die burgers van die eertydse Republieke nie met simpatie gaan behandel nie, Brittanje met 'n tweede Ierland opgeskep sal sit.

Lord Selbourne het 'n belangrike rol in Uniewording gespeel. Die probleme wat vir hom in Suid-Afrika gewag het, was moeilik. Gedurende die ABO het die Britte die swartmense versoek om nie aan die oorlog deel te neem nie en aan hulle die belofte gemaak dat "*equal laws and equal liberties*" na die oorlog aan alle bevolkingsgroepe toegeken sou word.

Toe die vredesonderhandelinge in April/Mei 1902 plaasgevind het, was Brittanje totaal oorlogsmoeg. Tydens die onderhandeling wat tot die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) gelei het, het die Britte die belofte wat hulle aan die swartes gemaak het, verbreek. Hulle het aan die burgers van die twee Republieke die toegewing (in artikel 8 van die Vredesverdrag) gemaak dat die vraagstuk omtrent stemreg vir Afrikane uitgestel sal word tot *nadat* 'n vorm van selfregering aan die gewese republieke toegestaan is. Hierdie belofte het die Britte gestand gedoen.

Die twee Britse kolonies in die Transvaal en die Vrystaat het in 1906 verteenwoordigende selfregering gekry met 'n grondwet waarin die swartes nie stemreg gekry het nie. Generaal Louis Botha se *Het Volk* party het die verkiesing van Maart 1907 gewen en Generaal Smuts het Minister van Mynwese geword.

In Mei 1907 het die blanke mynwerkers (hoofsaaklik Britte) ter wille van hoër lone gestaak. Die mynbase was woedend. Op 23 Mei 1907 het Generaal Smuts 'n noodtoestand afgekondig en die Imperial troepe wat nog in die barakke in Pretoria gestasioneer was, opdrag gegee om die Britse myne te beset en om veilige begeleiding aan Afrikaner-mynwerkers te verleen. Lionel Phillips, 'n mynmagnaat, se kommentaar is veelseggend:

"The whole position is getting topsy-turvy. A Boer Government calling out British troops to keep English miners in order, while Dutchmen are replacing them in the mines"

Smuts se optrede gedurende die mynstaking van 1907 het 'n deurslaggewende rol gespeel in die proses wat tot Uniewording gelei het. Hy het die Britse regering en die mynmaatskappye oortuig dat hy die ekonomiese en finansiële belange van groot kapitalistiese maatskappye verstaan en dat hy bereid is om hulle imperialistiese belange te beskerm. Van daardie dag was Generaal Smuts die lieflingseun van die Britte. Vir al sy dienste aan die Empire is hy tot Veldmaarskalk bevorder.

Die onderhandelinge wat uiteindelik tot die eenstemmigheid in die Nasionale Konvensie sou lei, was nie sonder probleme nie. 'n Ernstige twis het tussen Smuts en Johan X. Merriman ontstaan oor die stemregvraagstuk. Smuts het prontuit aan Merriman geskryf:

"I don't believe in politics for [the Natives races of South Africa]..... I feel inclined to shift the intolerable burden of solving the sphinx [franchise] problem to the ampler shoulders and stronger brains of the future."

Merriman se standpunt was dat die Afrikane die werkers is en dat die geskiedenis ons leer dat die werkers die toekoms verteenwoordig. Hy stel aan Smuts die uitdagende vraag:

"Is it not rather building on a volcano [to exclude the Natives], the suppressed force of which must some day burst forth in a destroying flood, as history warns us it has always done?"

Volgens die Suid-Afrika-wet van 1909, het die Afrikane en bruinmense wat gekwalifiseerde stemreg in die Kaapkolonie gehad het, dit behou. Gekwalifiseerde stemreg is (in ooreenstemming met Artikel 8 van die Vredesverdrag van 1902) nie na swartmense in die drie noordelike provinsies uitgebrei nie. Omtrent 14 000 bruinmense en 6000 Afrikane in die Kaapprovinsies het in 1910 gekwalifiseer vir stemreg. In 1910 was Suid-Afrika se bevolking 6 miljoen: 4 miljoen Afrikane, 1,3 miljoen blankes, 'n halfmiljoen bruinmense en

200 000 Asiërs. 'n Stelsel van blanke politieke oorheersing is – met geringe uitsondering – in 1910 deur die Britte in Suid-Afrika ingestel.

Voordat die Britse parlement die SA-wet in 1909 goedkeur het, het 'n ernstige debat oor SA-stemregkewessie in Brittanje gewoed. Baie van die ondersteuners van die Liberale en Arbeiderspartye was daarteen gekant. Die drukgroepe wat die Britte se kapitalistiese, imperialistiese en goudbelange verteenwoordig het, het die rasgebaseerde wet sterk ondersteun.

Met die SA-wet van 1909, het Brittanje voortgebou op sy berugte koloniale beleid van "*verdeel en heers*" en van "*elite-collaboration to stabilize empire*". Die Britte was bereid om die Boere-elite in Transvaal te koopteer (of te kollaboreer) omdat Brittanje ná sy pynlike ervaring in die guerilla-fase van die ABO besef het dat dit nie moontlik sou wees om die Hoëveld te stabiliseer en om die Afrikaanbevolking te beheer sonder die militêre samewerking van die Afrikaners nie. Gevolglik was die Britte gewillig om ter wille van die goudmynbedryf, die blankes met politieke en ekonomiese regte en voorregte te koopteer en om bykans al die swartes van sodanige regte en voorregte uit te sluit.

In 1913 het die twee "gekoopteerde" Boere-generaals (Botha en Smuts) gedoen wat die mynmaatskappye en die Britse imperialiste van hulle verweg het. Hulle het in die *Wet op Grondbesit* van 1913 die aanbevelings van die SANAC geïmplementeer. Die deel van SA se grondgebied wat deur swartes bewoon is, is tot 7,5% verminder, Afrikaner se deelboerdery op blanke plase is uitgefasseer, terwyl Afrikaner ook ontnem is van die reg om eiendom in "blanke" SA te besit. (In 1910 het Afrikaandeeboere waarskynlik meer mielies geproduseer as blanke boere).

Die wet van 1913 het aan die Britse laissez-faire kapitalisme in Suid-Afrika 'n rasse-dimensie verleen. Vanaf 1913 tot 1974 het hierdie rasgebaseerde kapitalistiese stelsel die ekonomie en die myne laat gedy deur die indiensneming van gedwonge goedkoop swartarbeid. Van 1974 tot 1994 is ekonomiese stagflasie te midde van strugle ondervind en het swart-werkloosheid skerp toegeneem.

Behalwe die *onderdrukende* en uitbuitende arbeidswette, het die wit SA Parlement van 1911 tot 1956 ook 'n veelvoud van *diskriminerende* wette (om blankes- en veral Afrikaners - teen swartmededinging te beskerm) op die wetboek geplaas. Hierdeur is die status van veral Afrikaner nog verder gedegradeer. Al waarvoor die Afrikaner geskik geag was, was om ongeskoolde arbeiders te wees teen lone wat selfs laer as onderhoudslone was. Hulle bewegingsvryheid is ook erg aan bande gelê met paswette wat geleidelik al hoe strenger geword het en later as die "Dompas" bekend gestaan het.

Die beleid van koopse (of die kollaboreering van 'n elite) in die koloniale wêreld, is deur Brittanje in al sy kolonies toegepas. Die terme waarop koopse (of kollaboreering) van die blankes in Suid-Afrika gebeur het, het tot ernstige *verdeelheid* in Afrikanergeleedere én tot die *politiserings* van die Afrikaner gelei.

In 1912 het Generaal Hertzog sy "Suid-Afrika Eerste" toespraak by De Wilt gehou en die Nasionale Party is in 1914 gestig. Afrikaners teenkanting téén die Britte, téén die plaaslike Engelse establishment en téén die sogenaamde "Bloedsappe" (of "gekoopteerde" Afrikaners) het 'n Afrikaner nasionalisme laat ontstaan. Dit het tot die Pakt-regering (1924-1933) en tot die NP-bewind (1948-1994) gelei. Die NP-bewind het die segregasie beleid van die SAP- en VP-regerings (1910-1924 en 1934-1948) tot die apartheidbeleid omvorm wat meer strak rassisties as die segregasiebeleid was.

Die feit dat die Afrikaner deur die SA-wet van 1909 uitgesluit is, het tot die stigting van die ANC in 1912 gelei. Die ANC was vir lank 'n vreedsame drukgroep, maar het geleidelik meer militant geword en vanaf 1961 met 'n gewapende stryd teen die apartheidbestel begin. Die Struggle het sy hoogtepunt van 1974 tot 1994 beleef. (Die Afrikaner en die Kleurlinge is in 1936 en in 1956 van hulle gekwalifiseerde stemreg in die Kaapprovinsie ontnem.)

Die stelsel van blanke politieke oorheersing is in 1994 beëindig. Die stelsel van rasgebaseerde *laissez-faire* kapitalisme is in 1994 deur neoliberale globale kapitalisme vervang. Die rasgebaseerde kapitalisme het groot getal Afrikane in die blanke ekonomie ingedwing, terwyl die trekarbeidstelsel van die myne (asook die instrumingsbeheer) tradisionele kleinboerdery ("peasant farming") vernietig het in die natuurlike reservate wat te klein was – selfs nadat dit tot 13% van SA se oppervlakte vergroot is. Die kapitaal-intensiewe en globaal-georiënteerde neoliberale kapitalisme sluit tans – op 'n ander soort gedwonge wyse – groot getalle Afrikane van deelname aan die ekonomie uit.

Van 1910 tot 1970 het *laissez-faire* kapitalisme in SA 'n bykans onversadigbare vraag na ongeskoolde en goedkoop swartarbeid gehad. Van 1994 plaas die *neoliberale* globale kapitalisme die SA ekonomie onder die dwang om slegs geskoolde en produktiewe arbeid indiens te neem en om die ongeskoolde en onproduktiewe arbeiders (hooftsaaklik Afrikane) uit te sluit en om hulle aan hulle (wrede) lot oor te laat – byna 40 % van die potensiele arbeidsmag. Terwyl die boonste 20% van die bevolking al hoe ryker word, word die armste 50% al hoe armer.

Die driedelige ideologiese atmosfeer waarin Uniewording plaasgevind het, was hoogs twyfelagtig: die blatante rasse-ideologie van segregasie het destyds groot ondersteuning van altwee blanke bevolkingsgroepe ontvang; die imperialistiese ideologie in Brittanje het die Britse empire soos 'n gekwesede buffel laat voortstompeel; en die ideologie van rasgebaseerde *laissez-faire* kapitalisme het ekonomiese groei inmanskap voorgehou as werktuig tot aardse heilsaamheid, selfs al is hongertone aan Afrikaanarbeiders betaal.

Ek sou graag wou gehad het dat Uniewording in ander omstandighede en in 'n ander ideologiese klimaat tot stand moes gekom het. Ek wil graag glo dat Suid-Afrika met 'n ander wordingsgeskiedenis vandag 'n meer humane en 'n meer beskaafde plek vir al sy 50 miljoen inwoners sou gewees het.

Bronnelys:

- Arendt, Hannah, 1968, *Imperialism*, New York, Harcourt, Brace & World.
- Mostert Noel, 1992, *Frontiers*, London, Pico.
- Terreblanche, Sam, 2002, *A History of Inequality in South Africa, 1652-2002*, Pietermaritzburg, Natal University Press.